VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardag. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

13 Feb	**Karen Aartsma,** Wyk 2
	Coenraad Karsten,. Wyk 16
	Suhanli van Dyk. Wyk 2
	Tanya van Lith, Wyk 9
15 Feb	**Anré Venter**. Wyk 18
16 Feb	**Marie Kits, (83)** Wyk 14
	Hennie Viljoen, Wyk 6
	Klaas Wyma, Wyk 1
17 Feb	**Tillie Eloff,** Wyk 19

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.

Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koekmeel, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottelgoedseep, toiletpapier.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 38, nr 5 Sondag 13 Februarie 2022
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste en Huis Eikelaan om 15:30: Ouderling wyk 19 **Koos Theron** en wyk 20 **Klaas Wyma**.
Diaken: Wyk 19 en Wyk 20 **André Joubert.**

EREDIENSTE Beide dienste waargeneem deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30: Eredienste ook per whatsapp .

OGGEND Annika Coetsee, Berna-Lou Venter en DJ Stoop ontvang vanoggend die geleentheid om openbare belydenis van hulle geloof te doen. Saam met julle is ons die HERE dankbaar dat Hy julle gedra het tot vandag. Ons is saam met julle dankbaar dat ons mag weet Hy sal julle ook tot aan die einde dra. Ons verwelkom graag gaste van Annika, Berna-Lou en DJ in ons midde en dit is ons gebed dat u saam met ons in die ontmoeting met die Here versterk sal word. .

Woordbediening: Jesaja 46 (AFR'20).
Fokusvers: Jesaja 46: 3 - 5.
TEMA: ***God, en geen ander nie, het jou gedra, dra jou en sal jou dra – vertrou Hom en dien Hom alleen!***
Sang voor die erediens: Psalm 116: 1; Skrifberyming 34: 1, 3 (Tema 2 - 2)
Sang tydens die erediens: Psalm 68: 9, 15; Skrifberyming 22: 1, 2, 11 (Tema 11 - 1); Psalm 91:5, 6; Psalm 134: 4; Psalm 28: 6, 7, 8

AAND Woordbediening: Jakobus 2:14-26 (AFR'20).
Fokusverse: Jakobus 2:17.
Belydenis: Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 24.
Sang voor die erediens: Psalm 1:1, 2.
Sang tydens die erediens: Psalm 92:1, 2, 6, 7; Psalm 40:3, 4; Psalm 116:1, 9, 10.

Diens by Huis Eikelaan om 15:30 word gelei deur ds Willem Steyn predikant by GK Bultgemeente

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir die ***Dankbaarheidsfonds*** die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid (blou)*en *Kerkkas (rooi)*.

Die Geselligheidskomitee saam met die Susters en Diakonie bied vanoggend die teeskink aan. Die Susters van wyke 5 en 6 sal die tee en koffie versorg. **Marie Coetsee en Monique de Klerk** is die wyksusters en lidmate van hierdie 2 wyke word gevra om te kom help.

Nagmaal en gemeente-ete
Die gemeente vier DV volgende Sondag (20/02) die sakrament van die Nagmaal. Die gemeente vier weer by twee geleenthede die Nagmaal: om **09:00** sal wyke **1 - 10** geleentheid ontvang om die sakrament van die Nagmaal te vier en om **11:00** sal wyke **11 - 20** die geleentheid ontvang om die sakrament van die Nagmaal te vier. Daar sal eers geleentheid gegee word aan lidmate wat aan tafel en met bekers die Nagmaal wil vier, om toe te tree. Die drinkbeker kan tussen lede van dieselfde huishouding gedeel word. Daarná sal geleentheid gegee word aan lidmate wat die Nagmaal gaande wil vier. Ons vra dat een gesin op ’n slag die geleentheid gegun word om rustig by die tafel die tekens van brood en wyn te geniet (ander lidmate wag dan by die saniteerpunt by die orrelspeeltafel).

Die **gemeente-ete** sal om 13:00 in die kerksaal plaasvind. Die kerkraad voorsien koue vleis en die Susters die nagereg. Elke gesin voorsien hulle eie bykos (slaai, stysel), eetgerei en drinkgoed. Beplan asseblief u porsies só dat u ’n enkellopende lidmaat kan nooi om saam met u te eet.

LIEF EN LEED

Ons betuig ons innige meegevoel met die familie en geliefdes van **Willem de Klerk** wat Dinsdagaand in die Anncron Hospitaal oorlede is. Dit is ons gebed dat ons Vader u ryklik sal vertroos en in hierdie tyd aan u sy ontferming sal gee. Willem se begrafnis vind Maandag om 10:00 plaas by die Hoskingbegraafplaas. Die troosdiens is om 12:00 vanuit ons kerk en word waargeneem deur ds Jannes van Dyk.

Ons **verseker prof. Callie Coetzee** van ons voorbidding vir hom. Hy

het vroeër dié week ondersoeke en ook toetse ondergaan en is vir ’n tydjie met siekverlof. Die uitslae van die toetse was, toe die *Op die Kerkwerf* voorberei is, nog nie bekend nie. Dit is ons gebed dat u met nuwe lewenskrag en goeie gesondheid verkwik mag word.

Charlotte Henderson ondergaan Woensdag ’n opvolgondersoek nadat sy ’n tydjie gelede ’n operasie aan haar skouer ondergaan het. Dit is ons gebed dat die herstelproses geseënd mag wees en dat u daardeur lewenskwaliteit sal ontvang.

Johanna de Bruyn is ontslaan uit Mediclinic en terug in die versorgingseenheid van Eikelaan. Ons dank die Here vir die mate van beterskap wat sy ervaar.



Fanie Coetzee was ook in Mediclinic na 'n ernstige epileptiese aanval. Ons dink in besonder aan hom, sy moeder Annie en ander dierbares in ons voorbidding.

Jeanette Fourie vlieg Saterdag Kaap toe vir 'n afspraak by 'n neurochirurg. Dit is nog nie seker of sy geopereer moet word nie. Ons dra haar en Corrie aan die troue sorg van ons hemelse Vader op.

’n Dankwoord uit die pastorie

’n Hartlike woord van dank vir u voorbidding en meelewing die

afgelope tyd toe ons moes isoleer as gevolg van Covid-19 en ook u meelewing die afgelope week met die dokter se aanvanklike diagnose van ’n diep veneuse trombose by Yolandé. Ons is dankbaar dat die sonar wat sy Dinsdag ondergaan het, geen trombose aangedui het nie en Yolandé is nou verder op behandeling vir inflammasie van die sagte weefsel.

VERGADERING Die Geselligheidskommissie vergader Maandag 14 Februarie 2022 om 18:00 in die kerkkantoor.

Attestate

Die attestaat van dooplidmaat Roan du Preez word afgegee na GK Ventersdorp.

Katkisasie

	Sondag 13 Februarie	Sondag 27 Februarie
Lesrooster:	Les 4	Les 5
Psalmvers:	Psalm 116: 1 (reël 1, 2)	Psalm 116: 1 (reël 3, 4)
Katkisasie toesig:	Ouderling wyk 19: Graad 0 Ouderling wyk 20: Graad 1-2	Ouderling wyk 1 Graad 3-4 Ouderling wyk 2: Graad 5 -6

Wo	16/02	15:30	Hoërskoolkatkisasie	Les 16

Bybelstudie

Di	15/02	15:00	Huis Eikelaan ✶	**gekanselleer**
Wo	16/02	18:30	Jeug (in jeugkamer)	Daniël 10
Do	17/02	09:30	Konsistorie	Handelinge 10
		18:30	Konsistorie / Ou Kerkie	2 Timoteus 3:1 - 5

Dagboek

So	13/02	09:30	Belydenisaflegging en voorbereiding	Kerk
		19:00	Kerkraad vergader met diakonie	Kerksaal
Wo	16/02	15:30	Hoërskoolkatkisasie	Ou Kerkie
		18:30	Bybelstudie: Jeug (Daniël 10)	Jeugkamer
Do	17/02	09:30	Bybelstudie: Handelinge 9:43-11:18	Konsistorie
		18:30	Bybelstudie: Lewe in gemeenskap met God	Konsistorie
So	20/02	09:00	Nagmaal: Wyke 1 - 10	Kerkgebou
		11:00	Nagmaal: Wyke 11 - 20	Kerkgebou
		13:00	Gemeente-ete	Kerksaal
		18:00	Danksegging	Kerkgebou

✶ Aangesien prof. Callie afgeboek is, sal daar nie Dinsdag Bybelstudie by Huis Eikelaan wees nie.

❖ Huisbesoek: afsprake soos gereël. Siekesorg en ander pastorale ondersteuning word graag verleen sodra kennis van nood ontvang is.

Die jongste uitgawe van **Die Kerkblad** is beskikbaar.
Intekenare kan dit na die diens in die saal kom afhaal.
Ons doen ook weer 'n vriendelike maar dringende beroep op lidmate wat nie ingeteken is nie, om dit te oorweeg om in te teken. Die voortbestaan van ons blad is afhanklik van die intekenare. Inligting kan by Prof Callie of Piet Aartsma verkry word.

Die spesiale kollektes in Februarie 2022 gaan vir:

Sondag	13 Februarie	**Dankbaarheidsfonds**
Sondag	20 Februarie	Uitdra van Evangelie
Sondag	27 Februarie	Expando

Hubbard-pampoen en Butternut-pampoen beskikbaar.
Ek sny dit op en dit word in sakkies verpak.
Hubbard R 30 en R 10 om op te sny.
Butternut R 10 en R 10 om op te sny.
Bestel by Nicolene

GESOEK Ons soek die persoon wat 'n rafelsakkie gemaak het vir die naaldwerktafel tydens die Susters se verkoping.
Skakel met.

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND
25 Februarie 2022

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384

R 25 per hamburger. Pannekoek **R 5.** **Worsbroodjies R 25**

DINSDAG 15 FEBRUARIE.

DIENSSENTRUM BASAAR 2022

Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes. Basaar 15 Februarie 2022
Gaskunstenaar Mianke Greyling vanaf 10:00 tot 11:00.
Lewerkoekies, hoendersosaties, kerrie en rys, poeding en nog meer.